**April 2012**
Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Verlede maand was daar heelwat probleme om die brief gestuur te kry. Laat weet asseblief indien u dit nie ontvang het nie. Dit was die brief oor die groot storm naby "Lovers Walk" in Pretoria.

<u>Terugvoering op verlede maand se brief</u>:

<u>Van Pierre Edwards</u>

Beste Rosa, jou artikel oor die hewige donderstorms het 'n persoonlike raakpunt vir my gehad. Êrens in 1957 het my twee ouer broers tydens 'n hewige donderstorm onder die Walkerspruitbrug by Affies skuiling gesoek. Volgende oomblik is hulle deur 'n watermassa weggevoer. My jonger broer kon uitkom maar my ouer broer is deur brandweermanne by die samevloeiing van Walkerspruit en die Apiesrivier agter die Caledoniese sportgronde gered. (Hy het probeer om 'n vriend se hond te red!) Sy fiets is by die Dieretuin opgespoor. Hulle was gelukkig. Sedertdien het ten minste twee Affies in die Walkerspruit verdrink (ek dink in 1965 en in 1985). Dit is die afvoer van die reënwater wat die rustige Walkerspruit (en Apiesrivier) binne minute in' n dodelike watermassa omskep. My broers was 10- en 13-jaar oud en het die voorblad van die Pretoria News gehaal.

In dieselfde asem: gister by die 65-jarige reunie van die AHS 1947 matrikulante vertel 'n oubaas hoe hulle as dit kwaai gereën het by die treinspoorbrug in Walkerspruit gespring het en dan in die rivier afgedryf het! Jy moes net 'n groot genoeg graspol uitpluk wat as reddingsboei gebruik is… Volgens die oubasies het hulle soms met hul fietse van die middestad (Leeubrug!) al met Walkerspruit terug skool toe gery. Nou verstaan 'n mens waarom elke seun 'n beskermengel nodig het.

Groete, Pierre

---

<u>Van JC Clarence</u>

Hello Rosa, het hierdie baie interresant gevind en toe gewonder hoe ver dit van Van Boeschotenlaan na die Fonteine is.

Het bietjie op Google gaan loer en die volgende gekry:

Padlangs per motor is daar 3 roetes:

3.3km ± 5min
3.5km ± 7min
3.7km ± 8min

Dis nou te sê as die verkeer dit toelaat.

Nou verwonder ek my hoe lank het dit 'n verliefde paartjie geneem om die afstand te stap.
Die afstand, en in aggenome hoe die terrein toe was, lyk vir my na sowat 'n ½ uur of so te perd.

JC Clarence

---

Ek het verlede jaar 'n baie interessante lesing van Anton Jansen ontvang. Dele daarvan is in die Pretoria Briewe van Januarie en Februarie 2011 geplaas. Hier volg die res van die lesing. Verskoon maar die plekke [?] waar daar probleme was met die transkripsie. Die deel van die lesing wat hier geplaas word gaan oor Boomstraat tussen Mark- en Kochstraat.

Praatjie gelewer op 5 September 1980 deur Stephanie Rood saam met Nita Marais voor die tak van die Vrouefederasie in Pretoria-Oos

Ek is op 25 Januarie 1906 in Boomstraat 191 in Pretoria gebore en het tot my vyftiende jaar daar gewoon. Daar was agt huise in 'n ry tussen Markstraat en Kochstraat (vandag Paul Kruger en Bosman). Van die agt huise staan vandag nog net twee. Ons s'n is nou 'n Chinese skool. Daar is sprake dat die huis, wat in 1904 gebou is, tot Nasionale Monument verklaar gaan word, nie dat dit so spesiaal is nie, maar dit is die tipiese Victoriaanse boustyl van daardie tyd, met die stoep aan drie kante en die kenmerkende hoektoring waarop 'n windwyserhaan gepryk het. Die haan het skeef oorgeleun van, soos hulle my vertel het, 'n sekere dag toe 'n baie onwelkome en onverwagte gas kom kuier het. Die tralies om die stoep is deur wit pilare vervang en die haan is weg.

Waar die dieretuin vandag is, was Rus in Urbe, die landgoed van Jan Celliers, my moeder Hester se vader. Hy was die subredakteur van 'n koerant, Het Volksblad, in die Kaap. Pres Burgers het hom laat kom om 'n koerant in Pretoria te begin. Dit was Die Volkstem [De Volksstem]. Hy het vooruit gekom en sy gesin het later per ossewa gevolg. Daar was toe vier kinders, onder wie Jan, die digter. Hy was toe 'n opgeskote seun. My moeder en nog 'n broer is hier gebore.

Rus in Urbe het gegrens aan Sans Souci, groot groentetuine, en langs Sans Souci was die pragtige landgoed Belle Ombre van Tielman de Villiers. Die bestuurder daar was 'n De Villiers en sy bynaam was Aartappels en Uie. Daar was die pragtigste bome, groot eike, granaatlanings en enorme magnolias.

Die groot huis was op dieselfde plan gebou as die huis waar Tielman de Villiers in Drakenstein by die Paarl gebore is. Hy het 'n groot wingerd gehad en sy druiwe was van 'n beter gehalte as van die ander wat op die mark verkoop is en het gevolglik beter pryse behaal. Daar was spesiaal ??? as die druiwe van ???

Dit was die atmosfeer van Boomstraat in daardie dae. Die boomryke Dieretuin, die wuiwende lusern van Sans Souci en dan Belle Ombre. Mooi huise met goed versorgde tuine van bekende Pretorianers. Vandag lyk dit daar baie anders. Die Dieretuin verbeter steeds en die Akwarium is 'n besliste aanwins, maar Sans Souci is nou liederlik en net 'n groot slordige stuk grond. Naby die Apiesrivier het die Boy Scouts hul netjiese klubhuis en tot onlangs is die jaarlikse sirkus op daardie terrein gehou.

Waarom daar nie op gebou word nie, weet ek nie. Miskien is dit die enigste oop stuk grond in daardie omgewing en sal daar eendag 'n park kom. Op die oomblik lyk dit na alles behalwe 'n park. Ek hoor nou dit is glo vir die nuwe Belle Ombre-stasie vir swartes. Maar die eintlike tragedie is Belle Ombre. Al daardie pragtige groot bome, tuine en wingerde en alles is tot niet gemaak toe die groot busloods daar gebou is. En wat nog treuriger is, is dat dié plek toe ook te klein geword het vir die busse en dat die helfte van nog 'n baie mooi park, naamlik Princespark [Prince's Park/Prinsepark] in Kerkstraat-Wes oorkant die Heldeakker ook nou 'n busloods is.




F.D. Oerder 1902
In die voorgrond is die tuine van Sanssouci en agter is huise in Boomstraat

Langs Markstraat af was daar aan weerskante oop watervore. My Ouma de Kock, 'n ouer suster van Tielman de Villiers, het op die hoek gewoon en ons was langsaan. Saterdae was dit ons beurt om water te lei. Daar word 'n sluis in die voor ge??? en dan keer dit die water na ons tuine. Al my maats het Saterdae by my kom speel, om in die water te speel. Ons het almal groot erwe met baie vrugtebome gehad – appelkose, perskes, vye, druiwe. Sover ek onthou, was die vrugte baie gesond. Dalk was die vrugtevlieg en "coddling moth" nog nie so bedrywig nie.

Oorkant die Apiesrivier is al die afval van Pretoria gestort. En moenie praat van die gemors as die wind waai nie. Op die groot terras wat so ontstaan het, staan nou die Langenhovenskool, en teen die heuwel bokant was 'n gat. Die klip wat daar uitgegrawe is, is vir die bou van die Paleis van Justisie gebruik. Daar is 'n rooi vlag aan 'n paal gehys as daar met dinamiet geskiet sou word.

Markstraat was 'n besige straat. Dit was die pad deur die "cutting" na Eloffsdal en Wonderboom. Gevolglik was dit baie stowwerig, want teerpaaie het heelwat later eers gekom. Die eerste teerpad was van net voor die stasie tot by Kerkplein en van Kerkplein tot by Du Toitstraat. Elke dag het 'n waterkar die pad kom nat spuit. Dit was 'n ??? op 'n wa, en van die agterste twee hoeke het die water soos waaiers uitgespuit. Ons het altyd uitgehardloop om die reuk van die nat stof te snuif. Die wa is deur muile getrek.

------------------------------------------------------------




***Donaldson & Hill's*** *New Map of the City of Pretoria and Subburbs. Compiled by D. Seccadanari, Engineer and Carthographer. Revised to Oct. 1904. (Scale 600 Cape feet = 1 inch).*

Hier sien ons die groot huis op die hoek skuins oorkant die Dieretuin wat later die Chinese Skool geword het. In 1899 het D.J. de Kock daar gewoon; hy is seker oorlede en in 1913 woon mev. De Kock daar terwyl die grond gesamentlik aan S.P.J., A.A. en S.J. de Kock behoort het. In 1947 was die erf met die groot huis die eiendom van F. Wang.



Die Chinese Skool in Boomstraat, Pretoria
[Foto verskaf deur die argief van die Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria]

**Inwoners 1899 [Longlands]** Lw. Nie eienaars. Hier word geen straat- of erfnommers gegee nie.
D.J. de Kock [snr.]
M. van der Spuy
Vacant Stand
Thomas Voss
F. Mann
J.A. Viljoen

**Inwoners 1913 [Lochheads]** Lw. Nie eienaars.

| Straatnr. | |
|---|---|
| 199 | D.J. De Kock [mev] |
| 191 | S.J.De Kock [Dely & De Kock] |
| 177 | E. Dusting |
| 171 | T. Cotreil |
| 169 | Vacant |
| 165 | G. Watson |
| 159 | F. Mann |
| 153 | J.H. Ruwers |
| 153 | J.A. Viljoen |

**Eienaars 1913 [Valuation Roll]**

| Erfnr. | Waarde: grond | Waarde: Geboue | Eienaar(s) |
|---|---|---|---|
| 841 | 850 | 1000 | S.P.J., A.A. en S.J. de Kock |
| 840 | 300 | 1020 | Hester M.J. de Kock |
| 840 | 300 | ---- | Anna S.M. de Kock |
| 839 | 450 | 830 | Melt van der Spuy |
| 839 | ---- | ---- | A.C. Boeseken |
| 839 | 160 | 300 | A.C. Boeseken |
| 839 | ---- | ---- | Paul A. Wolswyk |
| 838 | 300 | 710 | Paul A. Wolswyk |
| 838 | 30 | ---- | Hendrik F.D. Papenfus |
| 838 | 300 | 925 | Hendrik F.D. Papenfus |
| 837 | 450 | 1184 | Fred. Mann |
| 837 | 150 | ---- | Andries Petrus Burger |
| 836 | 700 | 1300 | Ethel McGee |

**Eienaars 1922-24 [Valuation Roll]**

| Erfnr. | Waarde: grond | Waarde: Geboue | Eienaar(s) |
|---|---|---|---|
| 841 | 600 | 1075 | S.P.J., A.A. en S.J. de Kock |
| 840 | 220 | 980 | Hester S.C.E. de Beer |
| 840 | 220 | ---- | Hester S.C.E. de Beer |
| 839 | 320 | 920 | T.N. de Villiers |
| 839 | ---- | ---- | A.C. Boeseken |
| 839 | 120 | 325 | A.C. Boeseken |
| 839 | ---- | ---- | H.T. de Cock |
| 838 | 220 | 710 | H.T. de Cock |
| 838 | 20 | ---- | Est. Eliz. Marshall |
| 838 | 220 | 1020 | Est. Eliz. Marshall |
| 837 | 340 | 1180 | J.N. de Villiers |
| 837 | 110 | ---- | A.P. Burger |
| 836 | 550 | 1475 | Ethel McGee |

**Eienaars 1947-1950 [Valuation Roll]**

| Erfnr. | Waarde: grond | Waarde: Geboue | Eienaar(s) |
|---|---|---|---|
| 840/1 | 1940 | 4430 | F. Wang [191 Boom] |
| 841 | 550 | 1540 | R. Leggat [9 Paul Kruger] |
| 841 | 1940 | 1600 | H. Hack [199 Boom] |
| 839 | 1340 | 1250 | H.A.B. de Villiers [177 Boom] |
| 838 | 490 | 570 | I.J.M. Stone [171 Boom] |
| 838 | 780 | 1290 | M.F. de Vaal [169 Boom] |
| 838 | 970 | 1510 | H. Hack [165 Boom] |
| 837 | 690 | 1960 | H.A.B. de Villiers [159 Boom] |
| 837 | ---- | ---- | M.I. Nicorejos [?] |
| 836 | 1670 | 1610 | H.W.W. Kaiser [153 Boom] |
| 836 | 320 | 860 | M.L. & J.S. de Beer [12 Bosman] |

Op die buiteblad van die 1913 en 1922 Valuation Rolls is daar die volgende advertensie: Dely & De Kock. Land Agents, Sworn Appraisers and Autioneers. Bureau Street Pretoria. Phone 422. P.O. Box 765. Tel. Add.: “Land”.

Op die buiteblad van die 1974 uitgawe lui die advertensie: Dely & De Kock. Estate Agents, Sworn Appraisers and Autioneers. Land Sales Solicitated. Bureau Street Pretoria. Phone 2-4702 – 2-0511. P.O. Box 765. Tel. Add.: “Invest”.

Groete tot volgende maand,
Rosa Swanepoel